**Lewensbeskoulike beoordeling**
**Slabbert Le Cornu**

‘n Lewens- en wêreldbeskouing is “die geheel van antwoorde op fundamentele vrae aangaande God (of wie of wat ook al afvallig in die plek van God gestel word), mens en wêreld en hul onderlinge verhoudinge.” (Prof.dr. HG Stoker, Oorsprong en Rigting, band 1, Kaapstad, Tafelberg-Uitgewers: 1967, p.15)

‘n *Christelike* lewens- en wêreldbeskouing dui dus op die “geheel van antwoorde op fundamentele vrae aangaande God, mens en wêreld en hul onderlinge verhoudinge”, soos dit geopenbaar word in die Bybel, die Woord van God.

‘n *Calvinistiese* lewens- en wêreldbeskouing dui op die “geheel van antwoorde op fundamentele vrae aangaande God, mens en wêreld en hul onderlinge verhoudinge”, soos dit geopenbaar word in die Bybel, die Woord van God, en bely word volgens die gereformeerde belydenisskrifte van die 16de en 17de eeu (o.a. die Drie Formuliere van Enigheid en die Westminster Konfessies).

<u>Om dit eenvoudig te stel</u>: vanuit ons geloofsoortuigings, bepaal ons lewensbeskouing hoe ons dink oor God, mens en die wêreld.

Om elke gedig dus te be-oordeel vanuit ‘n Christelik-gereformeerde lewensbeskouing, moet die volgende twee stappe gevolg word:

A. Die gedig moet gelees word met die doel om die volgende drie vrae te antwoord:

1. Wat openbaar die gedig van **God Drie-enig**: Vader, Seun en Heilige Gees (“of wie of wat ook al afvallig in die plek van God gestel word”) ?

2. Wat openbaar die gedig van die **mens** ?

3. Wat openbaar die gedig van die **wêreld (**skepping/natuur) ?

B. Nadat vasgestel is wat die gedig se ‘lewensbeskouing’ is oor hierdie drie sake, moet dit beoordeel word aan die hand van die Skrif en die belydenis.

Om dit te kan doen **moet daar kennis wees van die Skrif en die belydenis**. Lees en bestudeer die volgende belydenisgedeeltes (dit is belangrik om ook na die Skrifverwysings te kyk by elke belydenisartikel)

- Die Skrif as ons norm/standaard om alles te toets, ook ons lewensbeskouings: NGB artikel 2-7; HK Sondag 7(v/a21), Sondag 32-44
1. Aangaande God: NGB artikel 1, 8-13,16-21; HK Sondag 5-31; DL hfst.1 en 2
2. Aangaande die mens: NGB artikel 12,14,15,22-24,26,37; HK Sondag 1-4; Sondag 45-52; DL hfst.3/4 en 5.
3. Aangaande die wêreld: NGB artikel 2,12,37; HK Sondag 9,10; DL hfst.3/4:4

<u>Voorstel tot werkswyse</u>: die lewensbeskoulike beoordeling kan in kolomme plaasvind (sien die voorbeeld op volgende bladsy)

Leerlinge word aangeraai om bybelkonkordansies te gebruik om woorde en begrippe wat in die gedig voorkom op te soek in die Bybel, en te sien hoe die Bybel die woorde gebruik. Dieselfde

geld vir die belydenisskrifte. Daar is rekenaarprogramme beskikbaar ook ‘n hardekopie konkordansie vir die belydenisskrifte.

Wat ook nodig is, is dat prof. Stoker se artikels “Lewens- en wêreldbeskouing’ asook ‘Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing’ (Oorsprong en Rigting, band 1) eenvoudig verwerk word vir gebruik deur leeringe op skoolvlak.

Sien ook aangehegte artikels oor die onderwerp van ‘lewensbeskouing’ (“Die noodsaak van ‘“Die Kerk van Jesus Christus se roeping en taak ten opsigte van die bevordering van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing“ ) wat dalk kan help as dit verder verwerk word vir kinders op skoolvlak.

| **Lewensbeskoulike beoordeling** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| *Gedig se naam:* | | *Beoordeling* | | |
| | | Skrifgedeeltes | Belydenisgedeeltes | Opmerkings |
| Godsbeskouing | | | | |
| Mensbeskouing | | | | |
| Wêreldbeskouing | | | | |
| Samevattend: | | | | |

**Verduideliking**:
Die ‘lewensbeskoulike beoordeling’ word in twee groot gedeeltes opgedeel: linkerkant die gedig se inligting en wat die gedig self openbaar aangaande God, mens en wêreld. Die regterkantste blok is opgedeel in drie afdelings: ‘n blok vir relevante Skrifgedeeltes, ‘n blok vir belydenisgedeeltes en ‘n blok vir eie opmerkings, d.w.s. waar vanuit Skrif en belydenis opmerking gemaak word oor wat die gedig sê (of nié sê) aangaande God, mens en wêreld. Die onderste blok is ‘n samevatting van die lewensbeskoulike beoordeling van die bepaalde gedig.